



# Louw

[NEE]

“BITTER! BITTER! BITTER!”

Louw gooi sy volle gewig agter sy vuus, ruk dan terug en sien hoe Beast sy neus vashou. Soos gewoonlik sê sy brein en sy lyf “nee”. Dis nie natuurlik nie. Dis die teenoorgestelde van wat hy wíl doen. Maar in die Kring gaan dit nie oor wil nie. Dit gaan oor wat jy móét doen. Almal in die Kring het skuld – Bloedskuld.

En die Branderjaers het ’n moerse prys om te betaal.

Beast skud homself reg en storm op Louw af. Hierdie keer hou hy niks terug nie. Louw duik weg en vermy Beast se voet wat uitswaai na sy been. Beast kom nader en mik vir Louw se niere, maar hy hoor Malherbe se waarskuwing en blok die hou net betyds. Pyn skiet deur sy voorarm van die impak en –

*Bam!*

Louw strompel agteruit, een hand nog in 'n vuis, voete gereed om weg te spring. Met sy ander hand voel-voel hy aan sy kakebeen waar 'n vorige hou hom getref het. Hy duik onder nog 'n vuishou en vat weer een in sy sy, hy swaai sy hand, maar mis . . .

Alles gebeur te vinnig.

Louw sien Beast se move net te laat en ruk so ver terug as wat hy kan. Ongelukkig vir hom verwag Beast dit, want sy ander vuis is gereed; die bloed van die vorige match steeds op sy kneukels.

Louw se knieë kap in die koue sement vas. Die skare juig oorverdowend. Gewoonlik is dit maklik om die geluide uit te doof, maar vanaand . . . Louw spoeg teen die kant van die arena en sy oë glip oor die glimmende doringdraad wat vir hom gewag het as hy net-net stadiger was. Hy draai sy kop en kyk op na sy opponent met die arendsvlerke oor sy bors getatoëer. Verby Beast sien Louw die Kringmakers in al hulle glorie – fancy dasse en whiskeyglase, beursies vol note. Hulle gaste lag wanneer hulle afkyk na die arena; hulle's veronderstel om te wen vanaand. Of Boss vir die fighters die regte orders gegee het is natuurlik 'n ope vraag. Louw weet net wat hy weet.

Hy moet vanaand verloor.

**[ON YOUR FEET, MOVE TO STAGE LEFT]**

Hy stoot homself op sy voete en rol sy skouers. As hy Ben was, sou hy begin aanval het – Ben sou in hierdie ou vasneuk en nie ophou tot een van hulle val nie. Ben staan langs Jak,

sy arms gekruis, wenkbroue gespanne saamgetrek. Jak sou Beast se bewegings vooraf kon uitfigure en hom voorspring. Malherbe sou meer takties jab tot hy 'n swakpunt kry. Ellis sou op sy voete bly, vinnig, maar nie so vinnig soos Jak nie. Op hierdie stadium moet Louw besluit hoe hy wil verloor. Teen die doringdraad? Of met 'n vuus, of moontlik 'n voet in sy gesig?

Hy loer weer na die doringdraad, sien Jak se peinsende blik en neem sy besluit. Jak sou gaan vir die doringdraad – enigiets om sy gesig skoon te hou vir sy ma.

Louw het niks om te verloor nie.

“AH!” LOUW SE regterhand gryp aan sy hare, sy linker vas op sy knie om te keer dat hy Ellis wegstoot. Die alkohol brand oor sy wangbeen, en al wat Louw kan doen is om sy asem deur geknerste tande uit te blaas.

Die bunker is in een van Ben se geliefkoosde grotte. Ben was so opgewonde toe hy met die Jaers gedeel het hoe hy by Meermin Cove se grotte ingespoel het, 'n plek wat onbewoonbaar gelyk het van buite. Ben het glo vinnig besef die water kom net tot by sy knieë wanneer hy staan, en met sy liefde vir smal, donker spasies het hy onmiddellik teen die kante van die grot begin loop tot hy die skeur gekry het wat net hy, as die befaamde Kanniedood, altyd in staat is om te vind. “Toe ek deurie skeur squeeze,” het hy opgemerk, met 'n tartende kyk na Jak, “het ek gedink ons is innie moeilikheid – jou groot kop sal seker nie passie.” Hy't gekoes vir Jak se hand

en verduidelik dat die spasio al hoe groter word. Toe hy by die groot area kom wat uiteindelik hulle bunker geword het, het hy ontdek daar is 'n groter, makliker ingang vir al die Jaers. Ook maar goed, want Jak het daai skeur een kyk gegee voor hy sy kop geskud en gemompel het: "Not a chance."

Die nuwe ingang is in die berge wat strek om Weduweekaai en uiteindelik tot Malherbe se gunstelingkransduikpunt lei. Die skeur word weggesteek deur 'n groot struik. Dit was amper snaaks toe die skoolkinders se simpel quest om die Jaers se bunkers te vind daartoe gelei het dat die soekgroepies 'n groot brander by Meermin Cove se grot geveerf het om dit te merk. Ongelukkig vir hulle het Ben teruggeglip en die skeur toegepak met klippe aan die binnekant. Naby en tog heeltemal buite bereik.

Louw leun met sy kop teen die rotsmuur, die koue 'n verligting. Dit was hý wat destyds die voorstel gemaak het dat die nuutontdekte grot hulle volgende bunker moet wees – die veiligste moontlike plek vir enige Jaer om weg te kruip. En boonop het dit 'n goeie recovery space geword, danksy die medisynekissie wat Jak van die huis af weggedra het, die plastiekrusbank wat Ellis van die scapyard af aangedra het en die ou koshuismatras wat Malherbe en Ben uit die stoorkamer gesmokkel het. Dieselfde matras waarop Louw en Ellis nou sit en sukkel met die sny wat Beast reggekry het.

'n Paar kerse flikker in die bries wat deur die grot trek en gooi bewegende skadu's oor hulle gesigte. Elk van Louw se broers is op hul gewone plekke. Jak het nie vanaand 'n klein

vuurtjie gemaak vir hitte nie, maar sy Zippo lighter skiet oop en toe in sy hand terwyl hy deur sy musiek scroll. Bo Louw hang die flits waar Ellis altyd dokter speel. Ben trek sy sketsboek nader waarin hy besig is met 'n tonnelsisteem van die Kangogrotte, sy geografienotas vergete op die koffietafel wat hulle in Ellis se garage aanmeakaargeslaan het. Malherbe verbind die sny op sy arm, terwyl hy nou en dan na die kerse loer.

Deesdae gebeur dit min dat al vyf van hulle gelyk die fights bywoon. Gewoonlik is dit net die twee wat die Kring binnetree en dalk 'n ondersteuner. Dis nodig, sodat almal kans kry om te ontsnap en terug te gaan na die regte wêreld waar daar dinge is soos wiskundetoetse en Afrikaansopstelle. Soms droom Louw van die dag wanneer hy finaal van die arena kan wegstap, wanneer hy die dorp kan agterlaat met al sy donker geheime en die slymerige Kringmakers wat die Branderjaers in hul kloue vashou.

“Hei! Moenie alles op Louw se gesig mors nie.” Jak hou sy hand uit en vang die bottel vodka maklik by Ellis – hy is nie verniet gesmeek om in die kriketspan te wees nie. As Jak maar net vatbaar was vir 'n gesmeek. Jak neem 'n vinnige sluk voor hy die bottel teruggooi.

“Waar dink jou ma slaap jy vanaand?” vra Louw. Hy suig lug in tussen sy tande toe Ellis nog vodka op 'n stukkie watte oor sy sny smeer.

“Uh, by Ellis.” Jak kies uiteindelik 'n Reggae-liedjie, die ritme steady en lui.

Louw laat sak sy kop. Gewoonlik is dit net Fokofpolisiekar en Jack Parow ná Jak in die Kring was. Hulle luister deesdae baie Fokofpolisiekar.

As Louw sy sin kon kry, sou Malherbe nie vanaand baklei het nie. Drie vyfdes van die Branderjaers is in graad elf en hy wéét hoe belangrik daardie punte is, veral vir iemand soos Ben wat afhanklik is van 'n beurs. Maar Louw is net een mens – soos Jak aanhou sê wanneer hy instem om een van die ander se skofte te vat. Hulle is broers, hulle doen nie hierdie ding alleen nie. Vir nou moet Jak en Louw soveel moontlik skofte vat voor hulle klaarmaak met matriek, net om 'n bietjie verligting vir die graadelfs te bring.

Ellis hou die bottel vir Ben, maar hy gee dit vir Malherbe aan. Wanneer dit fight-aand is, slaap hulle twee gewoonlik by Malherbe se familiestrandhuisie op Pêrelbaai, 'n klein strand anderkant Stormbaai. Die koshuispersoneel sal nie juis verstaan as hulle eers ná twaalf in die bed klim nie, maar hulle verstaan die Albertyns se geld, en hulle verstaan dat Ben Palmer beste vriende is met Malherbe Albertyn, so 'n uitslaap-vergunning is gemaak. Vryheid is iets wat Malherbe nog altyd kon koop, en hy sluk uit die bottel asof dit net aan hom behoort.

“Waar dink jou pa is ons, anyway?” mompel Jak wanneer hy uiteindelik terugleun en gaap, vaalblonde hare oor sy oë toe hy na Ellis kyk. As hy sou wou, kon hy op die strand gaan plak en 'n hippie word. Maar jy kan ook vir hom 'n pak aantrek, sy hare terug-gel en hy sal maklik in een of ander

elite-koshuis opeindig op Stellenbosch. Daar's nie perke aan moontlike rolverdelings vir Jak Human nie.

“Ek het vir hom gesê ons het 'n afperiode môreoggend, so ons vang 'n laat fliiek.” Die fliiek by die hotel wys net ou films, maar gelukkig is Ellis die grootste 80s nerd in Stormbaai. As sy pa sou uitvra sou Ellis maklik feite oor een of ander classic kon spin. Nie dat sy ouers sal vra nie.

“En hy dink niks daarvan dat julle in verskillende grade is nie?” vra Malherbe.

“Ek het vergeet jou ouers vertrou jou,” snorklag Jak. Hy hou weer sy hand uit vir die bottel, maar Malherbe neem 'n ekstra sluk voor hy dit vir Ellis aangee, wat net sy kop skud. Malherbe sit die bottel op die tafel neer en kyk skerp na Jak. Jak gluur net terug. Sy ma sou hom afslag as sy hom nou moes sien. Almal weet Jak is meer vatbaar vir . . . wel, met 'n pa wat dood is aan 'n overdose kan jy nie te versigtig wees nie.

Louw kyk nie eens na die bottel nie. Hy knyp sy oë toe en wag vir Ellis om die pleister oor die wond te plak. Soms het hy begrip vir Jak se voorkeur vir die draad. Hy maak sy oë oop en sien die rowe oor Jak se maag waar sy hemp opgetrek het teen die rusbank, plastiek oopgebars oor die kussings.

Ander tye dink hy net Jak is die malste persoon in die kamer.

“Ben, kom jou suster na volgende Saterdag se toernooi, of chicken sy uit?” vra Jak, halfpad deur 'n gaap.

Kalla en Ben verskil 'n jaar, maar lyk omtrent identies –

die enigste verskil is Ben se blitsende blou oë wat skerp uitstaan teen sy bruin vel, terwyl Kalla se ligbruin blik altyd lyk asof sy jou presies kan opsom. Terwyl Kalla gewoonlik saam met hulle surf, en nie juis vir enigiets bang is nie, vermy sy Storm Hoër se leerders na die beste van haar vermoë. Ironies dat sy die onderdorp, Breekwater, verkies bo die blink Stormbaai waar Ben sy krieketbeurs gekry het.

Ben haal sy skouers op. “Sy checkit nog uit. Dalk kry sy ons ná die tyd, assit haar vibe is.”

“Ons kan maar na ’n private beach toe gaan en ’n paar branders vang,” stel Malherbe voor. Hy’t klaar afgespoel in die see voor hulle bunker toe gekom het, so hy trek sy hemp aan en trek die mou af om die verband weg te steek, voor hy vir oulaas een van die noodgeval-handdoeke oor sy hare vee.

“Hoe gaan jy hierdie by die skool verduidelik?” vra Ellis vinnig en knik na Louw se gesig waar die ontsmettingsmiddel steeds brand. Ellis is gou om die onderwerp oor Kalla te verander. Oorbeskermend is nie die woord nie, maar toe Louw na Ben loer, lyk dit nie of dit hom pla dat sy beste pel sy suster off the hook probeer kry nie. Ellis lig sy wenkbroue vir Louw en kyk betekenisvol na sy handewerk.

**[PROMPT?]**

“Uh, geval? Of moet ek sê ’n brander het my gesig eerste teen die rotse gegooi? Reef rash?”

“Jy kan sê jy’t met Ellis se motorfiets geval,” spot Ben. Ellis se ore word rooi toe hulle almal lag. Hy’s so heilig op die fiets, hy’t dit nog nooit eens uit die garage gestoot nie, al het



hy 'n lisensie. Hy ry eerder onwettig rond met Malherbe se bakkie in Stormbaai.

“Twyfel of iemand sal vra.” Malherbe strek sy arms bo sy kop, sy lyf seningrig teenoor Ellis se spiere toe hy langs hom gaan sit. Sy vingers begin ritmes tik op die matras. “As hulle vra is ek seker hulle sal stupid genoeg wees om te glo jy sal die verkeerde brander kies.”

“Louw Swanepoel?” vra Jak in 'n hoë stemmetjie. Hy spring op en hou sy hand op sy bors, terwyl hy die ander een voor sy gesig fladder. “Louw Swanepoel is veels te perfek om foute te maak!” Sy mond trek pruילend saam. “Wie dink jy is jy om sulke aantygings te—”

Toe Louw vir Jak duik, skaterlag sy bendebroer net en stamp hom terug. Jak hou sy vuiste voor sy bors en mik tergend na Louw, maar val dan net terug op die matras waar die res van die ouens sit en lag, die vodka weer vir mekaar aangee en oomblikke in die arena herleef.

Al droom hy van ontsnap uit hierdie dorp, kyk Louw na sy vriende en dink aan die gelukkige tye in hulle bunkers. En skielik is daar 'n ander, meer powerful deel van hom wat wens dat niks sal verander nie.



## Deidre

DEIDRE HAAT DIT om swak te doen in 'n vak. Sy haat dit amper soveel soos wiskunde. Amper, maar nie genoeg dat sy nie nou voor die wiskunde-onderwyser staan met smekende oë nie. Juffrou Kruger is nie een vir trane nie, maar gelukkig is sy 'n softy as dit kom by 'n tragiese geval. En eerlikwaar, op hierdie stadium is A-kandidaat-Deidre, mejuffrou Volpunte, se saak redelik tragies.

Juffrou Kruger leun terug in haar stoel en bestudeer Deidre van agter haar brilglase. Selfs in 'n stoel, hande oor die armlleunings gevou, is juffrou Kruger intimiderend. Deidre het hierdie gesprek menige kere sedert graad tien gehad. As jou ma Renate Anker is en jou wiskundepunt jou gemiddeld aftrek, sal jy van klas tot klas geskuif word tot die gevolgtrekking uiteindelik gemaak is dat die onderwysers nie die probleem is nie. Deidre is die probleem. En sy weet dit nou al 'n ruk lank. Haar oplossing was om dit te ignoreer. Sy trek haar-

self terug in haar kamer met ekstra leeswerk vir haar ander vakke, probeer opmaak vir die onvermydelike trefslag van wiskunde. Nou lê aansoeke om universiteitstoelating voor en hierdie gesprek moet weer plaasvind. Deidre kan nie vir ewig wegkruip nie.

Toe Kruger uiteindelik oogkontak verbreek en na die toetspunte voor haar loer, ontspan Deidre se skouers net liggies voor sy hulle weer terugstoot. Nie een van hulle het al iets gesê nie, net in stilte gewag vir een of ander oplossing om uit die lug te val. Die dubbel-wiskundeperiodes was hel, soos gewoonlik, maar wat dit nog erger gemaak het, was die wete dat sy presies hier sal moet staan wanneer die pouseklok lui.

Pouses is die beste tyd om onderwysers te druk vir antwoorde – daar’s niks wat ’n onderwyser meer begeer as om leerders te ontglip in hierdie kort twintig minute nie.

“Daar is nie nog onderwysers nie, Anker.” Kruger lig ’n wenkbrou, dit maak ’n negentiggradehoek op haar voorkop.

“Ek weet.” Deidre weet ook wat sal gebeur as sy met haar ouers gaan praat oor nog ’n swak uitslag. Haar pa, terug van ’n besigheidswaek, sal teleurstelling in sy oë dra. Deidre kan opstelle skryf oor hoe woedend haar ma sal wees. Al die hoë punte en prestasies in haar ander vakke beteken eintlik, volgens haar ma, niks in die regte wêreld nie. Al wat dit sal doen is om Die Plan te verwoes. Metafories op te skeur.

Metafories wou Deidre al baie dinge met Die Plan gedoen het.

Die Plan is al sedert graad agt in plek. Doen aansoek vir

UCT en Stellenbosch – enigiets anders is 'n mors van tyd. 'n LLB by 'n goeie universiteit (asof dit saakmaak vir iemand wat nie in Regte belangstel nie), dan article by 'n goeie vennootskap. As haar ma haar sin kry, sal sy Deidre druk vir advokaat. Natuurlik is 'n woonstel en 'n kar ingesluit in hierdie *blink toekoms*. Die Plan is mooi uitgewerk. “Daar sal mans op universiteit wees wat in jou gaan belangstel,” het haar ma haar plegtig ingelig. “Hulle is nie belangrik nie; intendeel, hulle is net struikelblokke in die pad van 'n goeie toekoms.” 'n Toekoms waarin Deidre alles doen waaroor haar ma gedroom het – op 'n silwerskinkbord vir haar aangebied.

Kruger se stem ruk haar terug na die werklikheid:

“Jy's slim, maar hierdie punte . . . Moet jy vir beurse aansoek doen?”

Deidre knik vinnig. Haar tas raak al hoe swaarder hoe langer sy staan, maar sy sit dit nie neer nie, sy gaan sit ook nie in een van die banke nie. Sy moet haar man staan. Sy kort 'n oplossing.

“Juffrou . . . Daar's niks wat ek nog kan doen nie. Ek leer vir 'n oopboek-klastoets en dop in elk geval. Ek kan nie weer vir my ma-hulle vra vir 'n tutor nie. Ek het al by baie van hulle lesse gehad, maar niks verbeter nie.” Sy hoop nie Kruger kan sien hoe styf haar skouers is, hoe die spanning haar rugstring laat krom trek en haar hande laat sweet nie.

“Sommige mense is net nie aangelê vir wiskunde nie. Jy doen blykbaar goed in jou ander vakke. Het jy daaraan gedink om na Geletterdheid oor te skuif?”

“Dis nie ’n opsie nie.” Deidre byt haar lip. Haar ma is gre-tig om meer op tutors te spandeer, maar dis tevergeefs. Sy’s in elk geval onseker oor haar pa se “besigheid”. Die Ankers praat nie oor finansies nie, maar haar pa lyk meer uitgeput elke keer wanneer hy terugkeer van nog ’n besigheidswEEK. Haar ma is heeltyd opgetense. Wat ook al aangaan, nog uit-gawes gaan dit nie beter maak nie.

“Dis soms moeilik vir die tutors. Hulle’s besig by univer-siteite en colleges, dan moet hulle nog ry om hier te wees. Daar’s ook net soveel tutors in Stormbaai. Dalk kan –”

“Skuus, Juffrou, is dit ’n slegte tyd?”

Deidre swaai om na Louw Swanepoel in al sy matriku-lant-glorie: das losgeknoop, glimlag pynlik arrogant, ’n ry rowe wat regoor sy wang sny.

As Deidre daar en dan kon uitloop sou sy uithárdloop.

Louw is een van dáárdie ouens. Die ou met die looks, die ou met die guns van die onderwysers. Die ou met die pelle waarna almal kyk wanneer hulle deur die quad loop. Die ou wat homself die meeste van die tyd in stormwaters sal gooi vir ’n gevaarlike brander of selfs teen ’n krans sal afduik vir ’n oomblik van adrenalien. Waaghalsig. Windgat. Weerbars-tig. Alles wat Deidre nie kan verdra nie.

“Swanepoel,” sug Kruger. Sy vryf haar kneukels oor haar voorkop, asof sy voorberei vir ’n lang geveg. “Gee my ’n oom-blik.”

“Reg so, Juffrou,” knik hy. Sy blik glip oor Deidre waar sy met haar tas en baadjie in die hand staan. Deidre rol senu-

agtig haar trui se moue op, 'n erfstuk van haar neef. Die kamer voel skielik te vol met Kruger én Louw, asof sy platgedruk gaan word deur die twee dominerende teenwoordighede. Louw bly staan buite die klas met sonlig wat in sy hare rondspeel, die skoolbaadjie wat span oor breë skouers.

Kruger sug weer, maar sy leun nie terug nie. Sy maak reg om te gaan. Sy sal 'n gesprek met Louw in twee sekondes afhandel, knak voor sy sjarme en vir Deidre gaan sy definitief nou afskiet. Daar is nie 'n logiese antwoord vir haar probleem nie – alle moontlike opsies weier sy. Haar enigste uitweg is om sover moontlik nie te druipe nie.

Onwaarskynlik.

“Eerlikwaar,” begin juffrou Kruger, “jou ander punte is goed en jou gemiddeld . . .” Daai uilagtige oë glip skielik verby Deidre. Deidre rol haar skouers terug. Natuurlik sal die onderwyser tydens háár krisis aan Louw aandag gee. Wat het sy verwag? Sy't hierdie geveg verloor die oomblik toe hy teen die kosyn kom leun het asof hy die skool besit.

Sy haat hom, besluit sy. Sy't nog nooit ooghare vir hulle gehad nie, veral nie toe hulle vir Pieter begin spot het toe hy as prefek verkies is in graad sewe nie. Toe hulle haar beste vriend begin aanvat het, het haar irritasie met hulle gegroei. Maar nou? Sy haat hom. En sy groepie. En alles waarvoor hulle staan en –

“Swanepoel is geniaal. Beste in sy klas.”

Deidre verstar, vingers wit geklem om die tas se band. “Hoekom is hy dan nie 'n tutor nie, Juffrou?”

Hy en sy *bende* maak geen geheim daarvan dat hulle nul belangstelling het in enigiets behalwe adrenalien-highs nie. Daai strandkuiers en branders gaan hulle nêrens bring nie. En dis asof die onderwysers net nie omgee nie. Almal moet sien kom klaar, maar die Jaers word alles verskoon. Kruger weet dit. Sy lyk nie geskok oor Deidre se vraag nie. Intendeel, sy hanteer dit met gemak.

“Swanepoel het ’n gewoonte om sy branderplankryery bo alles te plaas, maar ek is seker hy besef nou hoe verkeerd dit is.” Sy skiet ’n skerp kyk oor Deidre se skouer.

*Moenie omdraai nie. Moenie kyk nie. Hy verdien nie jou aandag nie.*

“Hy het ’n paar uitstelle en verlore klasse om voor op te maak en ek is seker hy sal nie sukkel om tyd te vind in sy besige skedule om hierdie guns aan my en homself te bewys nie.” Juffrou Kruger se stemtoon laat geen ruimte vir heroerwering nie.

“Guns, Juffrou?” vra Deidre versigtig. Sy weet nie wat Louw met sy gesig doen agter haar rug nie, maar Kruger s’n breek vir die eerste keer vandag in ’n glimlag uit.

“Swanepoel gaan jou tutor, Anker,” sê sy. Sy staan op en gryp haar baadjie van haar stoel af. “Kom. Uit. Al twee van julle,” blaf sy.

Louw het klaar gang toe geglip, maar Deidre volg Kruger stadig tot hulle ook in die gang staan en die onderwyser die klas sluit. Sy draai vir oulaas na Deidre en Louw, lippe wat tergend in ’n amper-glimlag trek. “Ek wil gaan tee drink. Sort

dit uit. En . . ." 'n Frons trek weer tussen haar wenkbroue toe haar oë vinnig begin knip. "Moet mekaar net nie vermoor nie."